# KERKWEES IS BEDIENING, NIE GEBOUE NIE

**Gerrit Smit**


### OPSOMMING

> *Hierdie artikel ondersoek ’n toenemende tendens in Afrikaanse gemeentes waar finansiële oorwegings die instandhouding van infrastruktuur bo die aanstelling van predikante stel. Met verwysing na Bybelse beginsels, die belydenisskrifte en die praktyk, word aangevoer dat die Woordverkondiging, sakramentsbediening en tug, die onvervangbare kern van kerkwees uitmaak. Geboue help, maar Woordverkondiging is ononderhandelbaar. ’n Gemeente wat 'n leraar prysgee om 'n pastorie te behou, ruil die lewe van die gemeente vir 'n kis waarin die doodspykers reeds ingeslaan word.*


### 1. INLEIDING

Oor die afgelope dekades het baie gemeentes, veral in kleiner dorpe en plattelandse gebiede, hul leraarsvakatures vakant gelaat. Die gemeente het steeds 'n behoefte aan geestelike leiding, maar die begroting maak dikwels eenvoudig nie ’n leraar se vergoeding moontlik, terwyl die geboue en ander verantwoordelikhede in stand gehou word nie.

Hierdie tendens is tans op sommige plekke 'n krisis, en min mense het die moed of lus om daaroor te praat. Hierdie tendens bedreig egter die voortbestaan van talle gemeentes oor verskillende kerkverbande heen, diepgrondig.

Die ironie is dat, om die kerk te "bewaar" van ondergang, in die sin van die fisiese struktuur, word kerkwees feitlik prysgegee in die Bybelse sin. Pastorieë en kerksale moet versorg word, kontrakte moet in stand gehou word, en water- en elektrisiteit, heffings en belastings raak al hoe duurder. Hoewel meeste kerke vrygestel is van algemene belastings, is daar toenemend ander belastings wat op kerke gehef word. In ruil daarvoor staan die kansel leeg, die nagmaalstafel vergader stof en die kudde is dikwels sonder 'n herder.

Hierdie artikel wil nie koud en sonder meegevoel oor hierdie saak skryf asof mense se lewensomstandighede nie saak maak nie. Dit maak vir seker saak. Maar liefde vir die kerk van Christus, vereis dat ons eerlik vra: Wat is eintlik die doel van die kerk? En wat maak ’n gemeente ware kerk?

## 2. WAT MAAK ’N GEMEENTE KERK?

### 2.1 Die Reformatoriese erfenis

Die Reformasie het ’n belangrike vraag oor kerkwees kom beantwoord, naamlik *wat is die ware kerk*? Johannes Calvyn, in sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* (IV.i.9), formuleer dit min-of-meer so: 'n gemeente wat die Woordbediening het en dit in stand hou en waar die sakramente bedien word, kan ongetwyfeld as kerk beskou word. Hierdie twee beginsels vir kerkwees, die Woordverkondiging en sakramentsbediening, is nie deur Calvyn of die reformatore uitgedink nie; hulle is Christus se eie mandaat aan sy kerk (vgl. Matt. 28:18-20; Luk. 22:19; 1 Kor. 11:26).

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (artikel 29) sluit hierby aan en voeg kerklike tug as ’n derde kenmerk by. Maar dit is veelseggend dat in al hierdie formulerings nêrens ’n gebou, ’n pastorie, ’n orrel, 'n boufonds, of ’n kerksaal as merktekens van die ware kerk genoem word nie. Geboue is instrumenteel om die erediens te huisves, maar is nie die kerk nie.

### 2.2 Die vroeë kerk as bewys

Die vroeë Christelike gemeentes het in huise bymekaar gekom (vgl. Rom. 16:5; 1 Kor. 16:19; Kol. 4:15), selfs in grotte, en in uiterste omstandighede in grafte (katakombes), en inderdaad ook in die oop veld (vgl. Hand. 16:13). Tertullianus skryf in die derde eeu dat die kerk nie mure is nie, maar mense. *Ubi tres, ibi ecclesia: "Waar drie is, daar is die kerk"*, was 'n bekende uitdrukking in die vroeë kerk, na aanleiding van Jesus se woorde in Mattheus 18:20. Die Here Jesus bevestig dat 'n kerk in Christus se teenwoordigheid geleë is, nie in die argitektuur nie.

Rodney Stark het in sy boek, *The Triumph of Christianity* (2011), gewys hoe die merkwaardige groei van die Christendom in China grootliks buite staatsbeheer en formele strukture ontwikkel het. Hy wys dat desentralisering van die kerk en informele netwerke juis groei in die kerk bevorder. Dit is volgens hom ’n demonstrasie dat die Woord krag het, onafhanklik van 'n gevestigde infrastruktuur.

### 3. ’N KERK ONDER ’N BOOM KAN KERK WEES

As die ware kerk gedefinieer word deur Woordverkondiging en sakramentsbediening, dan is ’n gemeente wat selfs so ver gaan as om onder ’n boom te vergader, met ’n leraar wat die Woord getrou verkondig, waar die doop en die nagmaal suiwer bedien word en daar sprake is van onderlinge vermaning en tug, in sy volle reg kerk. Die beginjare van die kerkverband waarin ek myself bevind, bevestig dat 'n skoolsaal in die dorp, of skuur op 'n boer se plaas, net so goed as kerkgebou kan dien, as enige ander.

Die teenoorgestelde is eweneens waar: ’n gemeente wat in ’n pragtige sandsteengebou vergader, met ’n pragtige pyporrel en ’n goed ingerigte konsistorie, maar waar die kansel op Sondae leeg staan omdat hulle nie 'n dominee kan bekostig nie, moet ernstige vrae stel oor kerkwees. Die gebou is dan ’n museum, nie ’n kerk nie.

> *Die boustene van God se huis is nie bakstene en sement nie, maar lewende stene. Dit is mense wat deur die Woord gevorm en deur die Gees gelei word (vgl. 1 Pet. 2:5).*

Verstaan mooi, geboue is 'n gawe en maak kerkwees baie gerieflik, en ons het ’n verantwoordelikheid om dit wat ons ontvang het, te versorg. Maar ons moet ook daarmee saam eerlik wees oor die aard van ons prioriteite.

### 4. DIE TENDENSE WAT VERANTWOORDING VRA

#### 4.1 Infrastruktuur bo bediening

Die patroon wat in sommige gemeentes waargeneem word, is basies dieselfde. ’n Kommissie van die kerkraad of die kerkraad self stel die begrotings op. Daar is toenemend druk op gemeentes se begroting. Die inkomste is normaalweg beperk en die plekke waar gesny word, moet minder sigbaar wees. Wanneer ’n leraar emeriteer of na 'n ander gemeente vertrek, word ’n koste-ontleding gedoen. Die gevolgtrekking is dikwels: *"Ons kan nie ’n volgende leraar bekostig én die geboue in stand hou nie."*

Wat dan volg, is veelseggend van die beskouing oor kerkwees: die kerkgebou is die sigbare gestalte van die gemeente, so as dit in stand gehou kan word, lyk dit ten minste op die oog af of die gemeente leef. Soms word ’n predikant van ’n naburige gemeente gevra om ’n enkele Sondagdiens of wat per maand te bedien en soms

Nagmaal, of 'n teologiese student word gevra om so nou-en-dan te kom preek. Maar wat gewoonlik agter die toe deure gebeur, is dat die lidmate minder kerk toe kom, minder bydra, meer geneig is om hulle kinders nie na die katkisasie op Sondae te bring nie. Die huisbesoek stop. Die pastorale bediening word afgeskaal.

Die onderliggende aanname, soms onbewus en onbedoeld, is dat die gebou die gemeente se kontinuïteit verseker, want daar is darem 'n vaste plek om heen te gaan op Sondae. So lank die mure staan, is ons nog hier.

### 4.2 Die langtermyngevolge

Die gevolge van hierdie keuse manifesteer gewoonlik nie in die korttermyn nie. Dit word tipies oor ’n tydperk van jare, selfs ’n dekade of twee sigbaar, dat die spreekwoordelike skrif aan die muur is. Die eerste geslag lidmate dra nog die geestelike kapitaal wat deur jare van getroue bediening opgebou is en voel verantwoordelik om die gemeente in stand te hou, ook weens die besluite wat eenparig geneem is. Maar hulle kinders en kleinkinders, wat nooit ’n leraar geken het wat hulle gesin bedien het nie, het alreeds ander weë gevind na vriende se kerk toe of sommer net weggeraak.

Sodra die ouer geslag wegval, raak die gebou leeg. Die kerkraad vergader met vyf gryskoppe wat trots en dankbaar is vir wat hulle nog het. Die gebou word nog na die beste van hul vermoë versorg. Die gras is meestal gesny. Maar die Woord het al hoe stiller geraak. Dit is nie die gemeente se skuld nie, dit is die logiese uitkoms van ’n struktuur wat die fisiese elemente van kerkwees (oftewel die vorm), bo die substansie van kerkwees (oftewel die rigting), gestel het.

### 4.3 Die herderlose gemeente in Bybelse perspektief

Sagaria 13:7 vermaan die herders: *"Slaan die herder, sodat die skape verstrooi word…",* ’n gedeelte wat Jesus self op sy eie lyding van toepassing maak (Matt. 26:31). Die ander kant van hierdie beginsel is eweneens waar: waar die herder ontbreek, verstrooi die skape maklik. Hulle word maklik die prooi vir die wêreld, vir dwaalleer, en vir geestelike louheid.

Aan die ander kant is daar gemeentes wie se herders nie die werk waartoe die Here hulle geroep het, behoorlik doen nie, wat deels aanleiding gee tot die fisiese- en geestelike verarming van die gemeente. Eségiël 34 is ’n indringende hoofstuk oor herders wat nie hulle kudde versorg nie: *"Wee die herders van Israel wat aan*

*hulleself weiding verskaf! Moet die herders nie die skape laat wei nie?"* (Eseg. 34:2). Maar wat van ’n gemeente wat opsetlik sonder herder bly as ’n finansiële strategie? Die pastorale verantwoordelikheid word dan opgegee, niemand se taak nie, en gevolglik niemand se prioriteit nie.

## 5. DIE PRIORITEIT VAN BEDIENING

### 5.1 Die Woord hou die kerk in stand, nie andersom nie

’n Fundamentele Bybelse insig is dat die Woord die kerk in stand hou. E*cclesia semper reformanda est* (die kerk moet altyd hervorm word) en hierdie hervorming vind plaas deur die Woord. Luther se oortuiging was dat die prediking van die Woord die kerk se lewensasem is.

Die implikasie hiervan is geweldig, naamlik sonder behoorlike, suiwer Woordverkondiging, is 'n gemeente op sy terminale sterfbed. ’n Gebou hou nie die kerk in stand nie; die Woord doen dit. Dit beteken dat ’n gemeente wat 'n leraar prysgee, nie net ’n pos vakant laat nie, maar die suurstoftoevoer afsny.

### 5.2 Die amp as gawe aan die kerk

Efesiërs 4:11-12 beskryf die gawes wat die opgestane Christus aan sy kerk gegee het: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars, *"...om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus...”.*

Die herder-leraar amp was nie deur mense uitgedink, of deur die kerk self ingestel nie, dit is ’n gawe van Christus aan sy kerk, ingestel om die liggaam tot volwassenheid te bring.

Wanneer ’n gemeente hierdie gawe sistematies verwaarloos - ons praat nie van nood en tydelike omstandighede nie, maar uit finansiële berekening ten gunste van infrastruktuur - kies so 'n gemeente in effek om die gawe wat Christus aanbied, te bedank.

Doopbediening en nagmaalviering is sigbare tekens en seëls van die verbond. Dit is as ‘t ware die "sigbare Woorde" van God (Augustinus praat van die *verbum visibile*). ’n Herderlose gemeente kan nie behoorlik die sakramente bedien nie. Die Gereformeerde tradisie onderstreep dat sakramentsbediening deel is van die ware

kerk van Christus. ’n Gemeente sonder leraar is ’n gemeente wat, in die beste scenario, sporadies die nagmaal vier wanneer ’n besoekende leraar kom.

## 6. PRAKTIESE BESINNING

### 6.1 Eerlike selfondersoek

Elke kerkraad behoort eerlik te vra: *Wat is ons werklike prioriteite?* Word ons begrotings gedryf deur Bybelse oortuigings oor wat kerkwees is, of deur ’n instandhoudingsmentaliteit wat die *status quo* probeer handhaaf? Hierdie vrae is nie maklik nie, en waarskynlik sal 'n kerkraad nie graag die vraag diepgaande wil ondersoek nie, maar hulle is noodsaaklik.

### 6.2 Oorweging van alternatiewe bedieningsmodelle

Sommige gemeentes het al kreatiewe weë gevind om getroue bediening voort te sit sonder om in kompromieë te verval.

Tentmakerbediening, waar ’n predikant ’n ander beroep beoefen terwyl hy ook ’n gemeente bedien, het 'n Bybelse voorbeeld in Paulus (Hand. 18:3; 1 Kor. 9:15-18). Toegegee, is dit nie die heel beste keuse vir gemeentes wat dit kan bekostig om voltydse bediening te dra nie, maar 'n halwe leraar is myns insiens beter as geen leraar. Daar was deur die eeue van die kerkgeskiedenis talle voorbeelde van leraars wat onderwysers was by ’n skool en tegelykertyd ’n gemeente bedien het. Om 'n onderwyser te wees, pas direk in die leraar se roeping, en kan nuttig gebruik word vir evangelisasiewerk onder die jeug.

Gemeentevereniging met ’n naburige gemeente, deel van ’n predikant se tyd met 'n bedieningsooreenkoms, of die opleiding van plaaslike ouderlinge om behoorlike leespreke te lewer, is alles weë wat oorweeg kan word. Teologiese fakulteite kan in die opleiding van ouderlinge ’n kritieke bydrae lewer.

Wat egter nie ’n langtermynoplossing is nie, is om die infrastruktuur te prioritiseer ten koste van een-of-ander vorm van formele bediening.

### 6.3 Die waarde van ’n gebou is relatief

Dit moet gesê word: geboue het vir gemeentes waarde. ’n Historiese kerkgebou is dikwels ’n simbool van die gemeente se verlede, ’n getuienis van die kerk se teenwoordigheid in die gemeenskap, en ’n gawe van vorige geslagte se arbeid en visie. Om dit ligtelik af te maak, sou ondankbaar en onverantwoordelik wees. Maar hierdie waarde is relatief. Wanneer die keuse voor ons kom, geboue of bediening, dan is die Bybelse antwoord voor-die-hand-liggend: die bediening het prioriteit. Die Hervormers in die sestiende eeu het luukse katedrale verlaat en geruil vir huiskerke en eenvoudige lewens.

## 7. GEVOLGTREKKING

Die titel van hierdie artikel maak ’n belangrike stelling: *suiwer bediening is die sleutel tot kerkwees*. Die slotsom hiervan is dat ’n kerk onder ’n boom met ’n getroue leraar, meer kerk is as ’n pragtige gebou met ’n leë kansel.